

Esegiël 43-44 – God se heerlikheid/magtige teenwoordigheid neem intrek in die tempel

Ná Esegiël die nuwe tempel beskryf het (hst. 40-42) fokus hy vervolgens op die herstel van God se teenwoordigheid in die tempel (hst. 43-44). In sy visioen gebeur dit in drie fases:

1. **Die heerlikheid van die HERE trek in die tempel in. Die magtige teenwoordigheid van die Here beweeg weer terug deur die oospoort – 43:1-12.**
2. **Die altaar word gereinig vir diens aan die HERE – 43:13-27.**
3. **Die verdere reëlins vir die heiligdom word gegee – 44:1-31.**

Die heerlikheid van die HERE trek in die tempel in. Die magtige teenwoordigheid van die Here beweeg weer terug deur die oospoort – 43:1-12.

In vers 2 kom die aankondiging: “En kyk, die heerlikheid van die God van Israel het van die oostekant af gekom. En die geruis daarvan was soos die geruis van baie waters en die aarde het geglans van sy heerlikheid” (’53). Die magtige teenwoordigheid van die Here beweeg weer terug deur die oospoort na die tempel, in die omgekeerde scenario van hst.11 waar die HERE se teenwoordigheid uit die stad uit opgestyg en op die berg oos daarvan gaan staan het (11:23).

Miskien sou ons selfs hier kon dink aan Gen.3:24. Na die sondeval het die HERE Adam en Eva uit die tuin van Eden verdryf en die gerubs aan die oostekant van die tuin laat woon om die toegang te bewaak.

Net soos dit met die inwyding van die tempel van Salomo gebeur het (1 Kon.8; 2 Kron.5) en net soos Jesaja dit eenmaal self ervaar het met die serafs en heerlikheid van die HERE (Jes.6) só ervaar Esegiël dit in sy visioen. God se heerlikheid/teenwoordigheid vul die tempel en dwing ontsag en eerbied by almal af.

Die HERE spel dan vir Esegiël **die doel van die visioen** van die tempel uit wat as boodskap aan die volk gelewer moet word:

1. Die tempel is in die eerste plek bedoel om Israel te laat skaam kry oor hulle oortredings.

Hoekom?

Aan die een kant is dit sodat hulle self nie langer afgodery sal bedryf as hulle terug is in die land nie. **Saamgevat:** Die vergifnis wat God gee, moet hulle van afvalligheid na aanbidding beweeg. Iets wat ook ons eie aanbidding vandag moet struktureer. Geen wonder die wet en skuldbelydenis het só ‘n groot rol deur die eeue in eredienste gespeel. Sonder vergifnis is dit onmoontlik om God te aanbid soos dit hoort.

Aan die ander kant is dit sodat hulle gemeenskaplik – en dit is ‘n baie belangrike verandering – die konings nie sal toelaat om met hulle afskuwelike optrede die Naam van die HERE oneer aan te doen nie. Die volk moet dus verantwoordelikheid neem vir die leiers. Hulle kan nie hulle hande in onskuld was oor wat die leiers aanvang nie!

Hierdie laaste opdrag kom waarskynlik omdat die konings vóór die ballingskap eintlik voortdurend op die terrein van die tempel oorskry het. Hulle is selfs naby die tempel begrawe sodat in die perspektief van die volk die skeiding tussen staat en kerk, tussen regering en godsdiens, baie maklik vervaag het. Dit moes nou omgedraai word. Die leiers is ook aanbidders saam met die volk, al het hulle steeds sekere spesifieke voorregte. God is die Leier en alles moet om Hom wentel.

2. Die tempel is daarom in die tweede plek bedoel om ‘n bewussyn van God se teenwoordigheid te vestig.

Ons kan sê: Die gewydheid van die atmosfeer van aanbidding en die presiese liturgiese voorskrifte wat geld in die teenwoordigheid van God moet die volk se lewe daarbuite omvattend struktureer. Soos die HERE dit vir Esegïel uitspel: “En as hulle beskaamd staan oor alles wat hulle gedoen het, maak hulle dan bekend die vorm van die huis en sy inrigting en sy uitgange en sy ingange en al sy vorme en al sy verordeninge, ja, al sy vorme en al sy wette; en skrywe voor hulle oë op, sodat hulle sy hele vorm kan bewaar en al sy verordeninge en dië kan uitvoer” (’53) – “Jy moet dit voor hulle oë neerskryf, sodat hulle die hele uitleg van die tempel en al die voorskrifte wat vir hom geld, in ag kan neem, en daarvolgens kan optree” (’83 - 43:11). Soos die tempel in elke detail om God se heerlijkheid/teenwoordigheid draai, moet die detail van elke gelowige se lewe om God se heerlijkheid/teenwoordigheid draai. Trouens, alles moet om God draai en aan Hom gewy wees: “Dit is die wet van die huis” (’53) – “Dit en is niks minder nie is die reeling in verband met die tempel” (’83 - 43:12).

Wat opval is dat die paleis en sy kultuur al meer sy stempel op die tempel en die godsdiens afgedruk het, terwyl dit juis andersom moes wees. Die tempel moes in die paleis kom en die volk en heersers bou. Vandag sien ons hoe die kerk en gelowiges al hoe meer soos die wêreld word, terwyl dit eintlik moet wees dat die kerk en geloof in ons huise moet inkom.

43:13-27 – Die altaar word gereinig vir diens aan die HERE

Ná Esegïel die afmetings van die groot drie-vlak altaar beskryf het, word hy opdrag gegee om – onthou dit is nog steeds ‘n visioen – die altaar met ‘n hele paar sondeoffers (vir onbedoelde sondes) te reinig om dit geskik te maak vir diens aan die HERE. Die betekenis en plek van die sondeoffers in die dienswerk van die volk Israel word vir ons volledig beskryf in Levitikus 4 en 6. Daarna kan die ander brandoffers en maaltydoffers gebring word wat deel is van die reinigingsproses in hulle aanbidding. Hulle aanbidding sal dan aanneemlik wees vir die HERE weens dié reiniging.

44:1-31 – Die verdere reëlins vir die heiligdom word gegee

Die reëlins vir die tempel sluit die verbod op die gebruik van die oospoort in, omdat die HERE daardeur sy intrek in die tempel geneem het (44:1-2). Dit sluit ook die voorreg in van die regeerder om in dié poortgebou in God se teenwoordigheid (voor God se aangesig) te eet (44:3). Hy mag egter nie die tempel terrein betree vanwaar

die HERE ingekom het nie, sodat daar nie 'n verwarring bestaan oor wie nou eintlik gedien moet word nie.

Esegiël self gaan saam met die man met die meetstok via die noordpoort in tot by die tempel en val in aanbidding voor die teenwoordigheid van die Here neer (44:4 en vv). Onthou Esegiël kon vroeër nog by die oospoort ingaan met die aanvanklike begin van die visioen, vóór die HERE sy intrek geneem het, maar nou nie meer nie.

Vanuit die tempel gee die HERE vir Esegiël nog 'n paar verdere reëlins in verband met die ander mense wat die tempel mag gebruik. Let op hoe sorgvuldig en presies dié reëlins is wat vir die heiligdom geld. Hier kom jy diep onder die indruk van God se woord wat soos 'n skerp tweesnydende swaard is (vgl. Hebr.4:12).

Dié reëlins sluit onder andere 'n verbod op **onbesnede uitlanders** in. Uiteraard kan hulle deel van die volk word en daarná die tempel betree, soos ons aflei uit Eseg. 47:22-23 waar dié vreemdelinge wat al 'n geslag lank woon onder die Israeliete ook 'n plek kry in die land. Maar hulle moet deel van die volk word om te deel in die voorreg van die tempel.

Terloops: dit was een van die redes waarom die vroeë kerk so geworstel het met die vraag van die status van die onbesnede gelowiges wat in Christus geglo het. Moes hulle in alle opsigte ook "Jode" word, óf was geloof in Christus die enigste voorwaarde vir die voorreg van die gemeenskap van die gelowiges? Hulle het op laasgenoemde besluit (vgl. Handeling 15:1-35).

Die reëlins aan Esegiël sluit ook 'n afgradering van die diens van die **Leviëte** in weens hulle vroeëre bydrae tot die vervreemding van die volk, hoewel hulle steeds as wagte, tempelbediendes en slagters kon optree.

Die **priesters** uit die nageslag van Sadok is die enigstes wat getrou gebly het aan die Here in die stormagtige tyd voor die ballingskap en mag daarom die dienswerk aan die HERE self bly verrig. Daar was egter ook steeds baie spesifieke voorskrifte, wat hulle kleredrag (hulle mag nie sweet nie!) en bediening ingesluit het.

In terme van hulle **persoonlike gewydheid** moet hulle onberispelik wees, veral in dinge soos dieet (alkohol- en eetgebruike), en verhoudings (huwelike – nie met weduwees of geskeides nie – en kontak met gestorwenes – net direkte gesinslede). In terme van hulle **publieke rol** was hulle vernaamste geestelike taak ten opsigte van die volk om hulle 'n sin te gee vir wat gewyd en nie gewyd is nie, rein en onrein. Daarby het hulle ook verantwoordelikhede gehad in die regspraak en die godsdienstige kultus – feesdae en sabbatte. Die HERE voorsien ook mildelik vir hulle: "As eiendom ontvang die priesters van wat My toekom." Dit is die vertrekpunt vir die vergoeding van leraars uit die gemeentelike dankoffers selfs vandag nog.

Boodskap

Dit maak my opgewonde om dié gedeelte te lees. Dit skets 'n ideale prentjie van hoe die aanbidding van God werk. Aan die een kant wys Esegiël hoe die **vergifnis** wat God gee, hulle van **afvalligheid na aanbidding** sal beweeg. Ons het altyd 'n element van toewyding nodig in ons eredienste en byeenkomste. Aan die ander kant is dit juis ook dié tipe aanbidding wat vanaf die tempel na alle vlakke van die lewe toe moet

uitsprei. Dít bly die droom van hoe die kerk moet werk. En dit inspireer my om my fokus op dié dinge te bly vestig.

Dit is ook duidelik dat dit juis die gewydheid van die atmosfeer van aanbidding is, en die presiese liturgiese voorskrifte wat daar in die tempel in die teenwoordigheid van God geld, wat gelowiges se lewe daarbuite omvattend moet struktureer. Waar dié ontsag vir God in ons eredienste ontbreek, word die effek van die bewussyn van God in die erediens van die lewe afgebreek.

Dit is ook opmerklik hoe belangrik dit raak dat die volk verantwoordelikheid moet neem vir hulle leiers/dienaars. Ons kan nie ons hande in onskuld was as dinge op leiersvlak verkeerd loop nie. Elke gelowige het die dure opdrag om te bid vir, en te praat met leiers/dienaars in ondersteuning van die bediening. Saam doen ons beter!